'n Gids tot Beplanning van Jou Veldtog

"Onderrig is 'n mensereg en noodsaaklike gereedskap vir die bereik van die doelwitte van gelykheid, ontwikkeling en vrede."[1]

Indien jy nuut is tot die 16 Dae Veldtog, sal hierdie dokument 'n paar voorstelle gee oor hoe om te begin. Maak nie saak watter aksies jy neem vir hierdie jaar se Veldtog nie, onthou asseblief om jou aktiwiteite te rapporteer en foto's en voorbeelde van jou veldtogmateriaal te stuur aan die 'Center for Women's Global Leadership' (CWGL) vir insluiting in die 2015 Internasionale Veldtog Kalender en 16 Dae Veldtog argiewe. Dankie!

1. Kies 'n Kwessie wat vir Jou Betekenisvol is

Begin deur die veldtog tema aankondiging te lees. Dink na oor die kwessies wat vir jou die mees interessant of relevant is. Voordat jy jou veldtog begin beplan, dink oor:

Die Mensereg tot Onderrig

- Hoe is die reg tot onderrig relevant tot jou konteks?
- Hoe verhoed geslagsgebaseerde geweld die reg tot onderrig plaaslik en internasionaal?
- Wie het toegang tot veilige en gelyke onderrig en wie is uitgesluit?
- Wat is die impak en wie word geïmpak deur huidige beleide en praktyke in verband met onderrig?
- Watter tipes geweld staar vroue en meisies, mense met gestremdhede, trekkers/swerwers, inheemse mense, of mense wat identifiseer of lyk asof hulle identifiseer met 'n geslag of wat seksueel anders is as die status quo in jou gemeenskap, in die gesig? Is daar enige beleide of wette in plek om individue te beskerm teen hierdie vorme van geweld en diskriminasie in terme van die reg tot onderrig?
- Wie is die skenders van die reg tot gelyke, nie-diskriminerende en veilige onderrig?

Oorweeg Plaaslik, Nasionaal en Globaal

- Dink oor die verband tussen wat op plaaslike, nasionale en globale vlakke gebeur. Aangesien geslagsgebaseerde geweld oor nasie, kultuur, gemeenskap, ras, seksuele oriëntering en geloof strek, wat is soortgelyk aan die geweld op verskillende vlakke?
- Wat doen (of word nie gedoen deur) siviele samelewinggroepe, insluitend nie-regeringsorganisasies, menseregte-aktiviste, onderrigvoorstaanders, ouers, die gemeenskap en beleidmakers om die universele reg tot onderrig te ondersteun?
- Is daar ander organisasies of individue wat aan hierdie kwessies werk saam met wie jy kan werk? Stel duidelike doelwitte vir jou veldtogaktiwiteite: Wie wil jy bereik? Watter veranderinge wil jy maak (bv. veranderinge of ondersteuning vir wette of beleide, befondsing vir 'n spesifieke kwessie, 'n verandering in mense se persepsies en houdings, ondersteuning vir oorlewendes van geweld)? Wat is die behoeftes van diegene geraak deur geweld?

Internasionale Menseregte Instrumente en die Reg tot Onderrig

Universal Declaration of Human Rights (UDHR) (1948) Artikel 26
Convention against Discrimination in Education (CADE) (1960) Artikels 1, 2, 5
International Convention on the Elimination of Racial Discrimination (1965) Artikels 5, 7
International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights (1966) Artikels 13, 14
Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination against Women (CEDAW) (1979) Artikels 10, 14
Convention on the Rights of the Child (1989) Artikels 28, 29
World Declaration on Education for All (1990) Artikels 1, 3, 6, 10
Beijing Declaration and Platform for Action [1] (1995)
Die konferensie het **ses hoof strategiese doelwitte** vasgestel om geslagsgelykheid en nie-diskriminasie in onderrig aan te spreek: 1. Verseker gelyke toegang tot onderrig; 2. Roei ongeletterdheid onder vroue uit; 3. Verbeter vroue se toegang tot beroepsopleiding, wetenskap en tegnologie, en voortdurende onderrig; 4. Ontwikkel nie-diskriminerende onderrig en opleiding; 5. Allokeer voldoende hulpbronne vir en monitor die implementering van opvoedkundige hervorming; 6. Bevorder lewenslange onderrig en opleiding vir meisies en vroue.
Convention on the Rights of Persons with Disabilities (2006) Artikels 3, 6, 7, 24
Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (2015)
Doel 4: *Verseker insluitend en gelyke kwaliteit onderrig en bevorder lewenslange leergeleenthede vir almal.* Die Post-2015 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte moet universeel, insluitend en onverdeelbaar wees, en moet die ekonomiese, sosiale en omgewingsdimensies van ontwikkeling aanspreek. Dit doen 'n oproep op all State om in samewerkende vennootskap te werk vir die uitroei van armoede en bereik van volhoubare ontwikkeling gebaseer op hulle nasionale kapasiteit en realiteite. Die teikens in Doel 4 erken die samelopende uitdagings vir kinders en jongmense, insluitend diskriminasie weens gestremdheid, geslag, ras, etniese of inheemse identiteit, voorkoms van geweld, gebrek aan gelyke toegang en oneffektiewe leeromgewings. Daar is 'n verband met die geniet van ekonomiese, politieke en kulturele regte: Doel 4 maak dit duidelik dat onderrig sal lei tot vaardighede en kennis vir werk, ordentlike betrekkings en entrepreneurskap asook geslagsgelykheid, kultuur van vrede en nie-geweld en 'n waardering vir kulturele diversiteit. Die post-2015 ontwikkelingsagenda, insluitend 17 doelwitte en 169 teikens, is onlangs gefinaliseer in onderhandelinge deur VN Lidstate en is gereed vir aanneming gedurende die September 2015 ontmoeting van die Algemene Vergadering.

RUTGERS
School of Arts and Sciences

Center for Women's Global Leadership
Rutgers, The State University of New Jersey
http://cwgl.rutgers.edu

2. Reël 'n Geleentheid of Aktiwiteit

Nadat jy die kwessie vasgestel het waarop jy jou veldtogaktiwiteite wil fokus, moet jy dit dalk oorweeg om 'n geleentheid of aktiwiteit vir hierdie jaar te beplan. Dink oor wat jy wil hê: Wil jy bewustheid skep? Wil jy 'n spesifieke saak met spesifieke mense of groepe bevorder? Wil jy 'n instansie of groep aanspreeklik hou? Daar is verskeie moontlikhede – maak net seker dat jy strategies en kreatief is met jou veldtog! Hier is 'n paar voorstelle:

2015 Tema-spesifieke Veldtogaktiwiteite

- Organiseer 'n optog of byeenkoms met jongmense, ouers, ander gemeenskapslede en plaaslike beleidmakers wat bondgenote is in die versekering van veilige, gelyke, toeganklike onderrig in jou area. Dring aan op beter beleide en sterker implementering waar moontlik!
- Belê 'n gesprek met jongmense, ouers, ander gemeenskapslede en plaaslike beleidmakers oor uitdagings en maniere om die situasie van onderrig en geslagsgebaseerde geweld te verbeter. Advokeer vir 'n aksieplan gebaseer op dit!
- Vind uit wat jou regering doen om die verpligtinge teenoor die universele mensereg tot onderrig te implementeer: Hou jou regering aanspreeklik vir 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld en diskriminasie teen meisies en ander gemarginaliseerde groepe in plekke van onderrig en opvoeding!

3. Versprei die Woord

Druk, radio, televisie en aanlyn mediabronne duur voort om 'n groot rol te speel in die vorm van opinies en kommunikasie van belangrike sake aan gehore. Dit is noodsaaklik vir aktiviste om met die media te skakel, beide as 'n teikengroep en as 'n draer van veldtogboodskappe en kennis rakende menseregte. Om met vroue-, jeug- en gemeenskapsgebaseerde medianetwerke te werk om jou veldtog se mediastrategie te ontwikkel, is 'n fantastiese manier om aan die gang te kom en vennootskappe te bou. Vir 'n voorbeeld van 'n brief en meer voorstelle oor hoe om aanlyn kontak te maak, kyk na die *Persvrystelling Voorbeeld* en die *Sosiale Media Pak* in die 2015 Neem Aksie Pak. Hier is hoe jy aktief betrokke kan raak en kan help om mediadekking van geslagsgebaseerde geweld te vorm:

Praat met Plaaslike Media

- Nader die media om te vra of hulle bereid sal wees om 'n spesiale reeks oor die 16 Dae Veldtog aan te bied. Jy kan ook hoor of hulle bereid sal wees om 'n spesiale program te doen op een van die belangrike datums, soos Internasionale Dag vir Eliminering van Geweld Teen Vroue, Wêreld VIGS Dag, Internasionale Vrouemenseregteverdedigersdag of Menseregtedag.
- Teiken hoof nuusbronne wat plaaslike, nasionale en globale nuus dek asook media wat nie sterk is op die veld van menseregte nie, asook populêre kultuur media waarna die jeug luister.
- Skryf aan media wat jy dink partydig is in hulle dekking van geslagsgebaseerde geweld en moedig hulle aan om 'n meer geslagsensitiewe benadering te volg.

Tradisionele Media

- Skryf 'n opiniestuk vir plaaslike koerante oor gevalle van geweld, of oor staatsbeleide en prosedures wat 'n direkte impak het op die voorkoms van geslagsgebaseerde geweld, diskriminasie teen vroue, meisies, gestremdes en ander gemarginaliseerde groepe en hoe dit hulle toegang tot veilige en gelyke onderrig beïnvloed. Dis belangrik om swak beleide en reaksies te kritiseer, en ook goeie maatreëls en beste praktyke te ondersteun. (Let wel: indien daar enige risiko van dreigemente of teistering is, skryf anoniem of gebruik fiktiewe name).
- Bel radio geselsprogramme of maak en deel podsaaie.
- Skryf 'n persvrystelling, nooi die media om jou beplande gebeurtenisse te dek en skep bewustheid oor hoekom 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld belangrik is.

Skep 'n Gegons Aanlyn

- As jy deel is van 'n sosiale netwerk, verander jou profielprentjie na die 16 Dae logo (beskikbaar vir aflaai op die 16 Dae webwerf) en pos statusopdaterings oor die veldtog. *(Gaan kyk na die Sosiale Media Pak in die 2015 Neem Aksie Pak vir meer idees oor hoe jy aanlyn by die 16 Dae Veldtog kan aansluit!)*
- Sluit aan by 'n aanlyn besprekingsgroep of bou 'n webwerf om jou veldtog te bespreek en relevante inligting te deel. Skryf blog artikels, opiniestukke en persoonlike nadenke vir webwerwe en aanlyn inligtingbronne.
- Deel interessante artikels oor geslagsgebaseerde geweld en militarisme. Gebruik #16days om te tjirp.

4. Skep en Gebruik Kuns

Integreer aktivisme en visuele kuns, uitvoerende kuns, musiek of dans. Skep bewustheid en moedig aksie aan rakende die spesifieke kwessie waaroor jy bekommerd is.

5. Dokumenteer en Dink Na

Dokumenteer jou aksie met foto's, opsommings van gebeure en kommentaar oor hoe mense gereageer en deelgeneem het. Dokumentering is goed vir media, toekomstige veldtog aktiwiteite en fondsinsameling.

Vrae om oor Na te Dink

- Het jy die doelwitte bereik wat jy aan die begin gestel het?
- Het jy jou gehoor bereik? En wat was die impak van jou aksies?
- Wat sal jy volgende keer anders doen?
- Watter hulpbronne het jy nodig om jou deelname aan die veldtog te verbeter?
- Deel die opsomming van jou veldtog aktiwiteite: sit dit op die web, stuur dit aan ander plaaslike of nasionale organisasies of publiseer 'n nuusbrief. Onthou om dit ook aan CWGL te stuur!
- Voltooi die 16 Dae Veldtog Vraelys in hierdie pak of aanlyn – laat die 'Center for Women's Global Leadership' weet hoe ons die veldtoghulpbronne wat ons verskaf kan verbeter!

[1] The UN Fourth World Conference on Women, Beijing Platform for Action, Chapter 4, Critical Areas of Concern, Section B, Education and training of women, 69. http://www.un.org/womenwatch/daw/beijing/platform/educa.htm